

Skrifgedeelte: Romeine 15:1-7

Fokusgedeelte: Romeine 15:1-7

Lof God tot eenheid van die gemeente

Paulus is steeds besig met die pligte van diegene binne die Christelike gemeenskap teenoor mekaar, en veral met die plig van die sterker teenoor die swakker broer. Hierdie gedeelte gee vir ons 'n wonderlike opsomming van die punte wat daardie gemeenskap moet kenmerk. Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur die inagneming van sy lede vir mekaar:

- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur die studie van die Skrif.
- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur vasberadenheid.
- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur hoop.
- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur harmonie.
- Die Christelike gemeenskap moet gekenmerk word deur lofprysing.

Die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif aan die gemeente gee, rus daarin dat God die God van *standvastigheid* en *bemoediging* is, of soos die Afrikaanse vertaling lui: die bron daarvan is. Daarom kan Paulus die bede uitspreek dat God nie alleen dit self aan hulle sal skenk nie, maar dat Hy ook sal gee dat die gemeente eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus dit wil hê. Die wrywing tussen sterkes en swakkes moet uit die gemeente verdwyn en plek maak vir die eensgesindheid wat opkom uit die gemeenskaplike lewe uit die geloof en hoop wat die Skrif in die gemeente wil versterk. Dan kan die hele gemeente uit een mond lof toebring aan God, die Vader van onse Here Jesus Christus.

Die uiteindelige doel van die opbou van die gemeente is dat God verheerlik moet word. Dit vereis egter die eenheid van die gemeente, wat gedien word as sterkes en swakkes mekaar in geloof en hoop opbou, en nie met mekaar oorhoops lê oor die geldigheid van bepaalde seremoniële wette en die gebruik van bepaalde soorte voedsel en drank nie.

En die essensie van die saak is dat die Christelike gemeenskap sy voorbeeld, sy inspirasie en sy dinamiek van Jesus Christus neem. Hy het Homself nie behaag nie. Die aanhaling wat Paulus gebruik, is uit Psalm 69:9. Dit is betekenisvol dat wanneer Paulus praat van die dra van die swakhede van ander, hy dieselfde woord gebruik as wat gebruik word van Christus wat sy kruis dra. Toe die Here van glorie gekies het om ander te dien in plaas van om Homself te behaag, het hy die patroon gestel wat elkeen wat probeer om sy volgeling te wees, moet aanvaar.

Sing: Psalm 69-1:1

Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)